

Saak nr. 70/86

E du P.

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÈLAFDELING)

In die saak tussen:

WILLEM LEEUW..... Appellant

en

DIE STAAT Respondent

Coram: RABIE WND HR, JANSEN AR, et BOSHOFF WND AR.

Verhoordatum:

Leweringsdatum:

17 Maart 1987.

31 Maart 1987.

U I T S P R A A K

RABIE WND HR:

Appellant is op 31 Oktober 1985 in die

Oranje-Vrystaatse/.....

Oranje-Vrystaatse Provinsiale Afdeling op 4 aanklagte

skuldig bevind t.w. (1) huisbraak met die opset om te

steel en diefstal, deurdat hy op 14 of 15 Augustus

1978 by die woonhuis van mnr J H Nel en sy vrou Petronella

Nel op die plaas "Mooiwater", in die distrik Brandfort,

ingebreek het en 'n ,22 pistool, 'n horlosie en twee

ringe daaruit gesteel het; (2) huisbraak met die opset

om te steel en diefstal, deurdat hy op 15 Augustus

1978 by die woonhuis van mnr Jan Andries Loubser en

sy vrou Frederika Loubser op die plaas "Oxford", in

die distrik Boshoff, ingebreek het en 'n radio daaruit

gesteel het; (3) moord, deurdat hy gedurende die nag

van 16 Augustus 1978 die bogemelde Jan Andries Loubser

vermoor/.....

vermoor het deur hom in sy woonhuis met 'n vuurwapen dood te skiet; en (4) poging tot moord, deurdat hy gedurende die nag van 16 Augustus 1978 gepoog het om Frederika Loubser met 'n vuurwapen dood te skiet.

Appellant is op die moordklag tot die dood veroordeel. Op aanklagte 1, 2 en 4 is hy gevangenisstraf van onderskeidelik 12 maande, 12 maande en 6 jaar opgelê.

Appellant appelleer teen sy skuldigbevinding op al 4 die aanklagte en teen sy vonnis op aanklagte 1, 2 en 4. Die appèl is gegrond op sekere spesiale aantekeninge (soos bedoel in art. 317 van die Straf-

proseswet/.....

proseswet, 1977), asook op sekere ander gronde van appèl waarop die verhoorregter hom verlof gegee het om te appelleer. Besonderhede van die spesiale aantekeninge en gronde van appèl word later in die uitspraak vermeld. Ek gee eers 'n kort uiteensetting van die feite en verloop van die saak, wat dit makliker sal maak om die aard van die spesiale aantekeninge en gronde van appèl te begryp.

'n "Unique" ,22 skyfskietpistool (nommer 723600) is op 14 of 15 Augustus 1978 uit die woonhuis van die bogemelde mnr en mev. Nel op die plaas Mooiwater gesteel. Toegang is tot die huis verkry deur 'n venster oop te forseer. Benewens die pistool is ook 'n horlosie en twee van mev. Nel se ringe gesteel. Mev. Nel het die pistool/.....

pistool op 18 Augustus 1978 aan die polisie as haar eiendom uitgeken.

Op 15 Augustus 1978, gedurende die dag, is daar by die huis van die bogemelde mnr en mev. Loubser op die plaas Oxford ingebreek. Toegang is tot die huis verkry nadat daar 'n gat in 'n slaapkamervenster geslaan is. 'n Radio, wat bo-op 'n televisiestel gestaan het, is uit die huis gesteel. Dit is op 18 Augustus 1978 deur mev. Loubser as haar eiendom aan die polisie uitgeken.

Gedurende die nag van 16 Augustus 1978 het mnr en mev. Loubser, wat toe reeds in die bed was, gehoor dat iewers in die huis glas breek. (Volgens mev. Loubser

moes/.....

moes dit tussen half-elf en elfuur gewees het.) Sy en haar man (die oorledene) het toe opgestaan en 'n flits geneem om te gaan kyk waar die geluid vandaan gekom het. Terwyl hulle in die gang geloop het, het mev. Loubser (aldus haar getuienis) 'n "geweldig slag" gehoor. Die oorledene het op die vloer geval. Sy het gebuk om hom op te tel en toe het 'n tweede skoot geval. Die skietery het daarna, met tussenpose, tot byna vieruur die volgende môre voortgeduur. Dit blyk dat verskeie ruite gebreek is voordat daardeur geskiet is, terwyl ander gebreek het toe van buite die huis daardeur gevuur is.

Die polisie het vroeg die oggend van 17

Augustus 1978 na die woonhuis op Oxford gegaan. Adj.-

Off. G J Pietersen, die ondersoekbeampte, het die lyk

van/.....

van die oorledene op die vloer van 'n gang in die huis gevind. Daar was 'n koeëlwond aan die linkerkant van die oorledene se nek. (Die mediese getuienis toon dat die oorledene gedood is deur 'n koeël wat sy nek aan die linkerkant getref het en die groot slagaar onder die sleutelbeen deurboor het.) Pietersen het verskeie koeëlmerke teen mure in die huis waargeneem en het 8 koeëlpunte en stukkies lood in die huis gevind. Buite die huis het hy 6 ,22 doppies opgetel. Deskundige getuienis het getoon dat 4 van hierdie doppies afgevuur is deur die pistool wat uit mnr en mev. Nel se huis gesteel is.

Appellant, wat destyds in die diens van die oorledene was, is die dag nadat die oorledene doodgeskiet is, gearresteer. Die dag daarna (18 Augustus 1978) het

hy/.....

hy, in 'n hut op die plaas Mooiwater, die radio wat uit die oorledene en mev. Loubser se huis op Oxford gesteel is, aan Pietersen gewys. Op dieselfde dag, ook op Mooiwater, het hy die pistool wat uit die Nels se huis gesteel is aan Pietersen uitgewys. Die pistool was, volgens Pietersen, "onder 'n groterige bos" in die veld. Later dieselfde dag het appellant op die werf van die huis op Oxford 'n plek uitgewys waar Pietersen 'n doppie gevind het. Deskundige getuienis toon dat die doppie afgevuur is deur die pistool wat uit die Nels se huis gesteel is.

Appellant het op 18 Augustus 1978 (d.w.s.

die nag ná sy arrestasie en die dag waarop hy die bogemelde uitwysings aan die polisie gedoen het) 'n verklaring voor 'n

landdros/.....

landdros (mnr J C Kruger) in Bloemfontein afgelê.

Die toelaatbaarheid van dié verklaring is by die verhoor

betwis op grond daarvan dat appellant nie by sy volle

positiewe was toe hy dit afgelê het nie. Appellant het

nie getuienis oor die aangeleentheid gegee nie. Die hof

het die verklaring, wat bewysstuk "P1" by die verhoor was

en waarna ek ook so sal verwys, toegelaat. Appellant het

daarin o.m. die volgende gesê:

"Die blanke wat oorlede is wou nie my geld vir my gee nie en toe het ek gegaan en hom gaan skiet. Ek het by die venster gekom wat half-stukkend was en toe hy aan die binnekant voor die venster kom het ek hom geskiet. Hy is toe om die hoek verdwyn, toe het ek op die stoep gespring en ook deur die vensters na binne geskiet.

Ek/.....

Ek is toe om na 'n ander venster en ook twee ander skote geskiet. Toe is ek na die badkamervenster en daar een skoot geskiet."

In antwoord op 'n vraag van die landdros het appellant gesê dat hy die oorledene geskiët het "met 'n pistool wat ek op die plaas Mooiwater gesteel het, saam met 'n ander seun."

Die verwysing in hierdie verklaring na "n ander seun" was, so wil dit voorkom, 'n verwysing na appellant se neef, Daniel Leeuw. Laasgenoemde, wat jonger as appellant is, is aanvanklik saam met appellant van die bogemelde vier misdade aangekla. (Appellant het sy eie ouderdom as 19 jaar opgegee.) Hulle twee het op 29 September 1978 ingevolge die bepalings van art. 119, gelees met art.

121 (1) van die Strafproseswet voor 'n landdros verskyn. Die aanklaer het by die aanvang van die verrigtinge die saak teen Daniel Leeuw teruggetrek. Die aanklagte is toe aan appellant gestel en hy het soos volg daarop gepleit: skuldig op die aanklag van moord en op die aanklag dat hy by die huis van die oorledene en mev. Loubser ingebreek en 'n radio daaruit gesteel het, en onskuldig op die ander twee aanklagte. Die vrae wat die landdros m.b.t. die twee aanklagte waarop appellant skuldig gepleit het aan hom gestel het en sy antwoorde daarop lui, vir sover relevant, soos volg:

V. ... Het hy op 15/8/78 by die huis van
mnr J H Loubser ingebreek?

A. Ek het gevind dat die ruit stukkend
was.

V. Hoe het jy toe ingekom?

A/.....

A. Ek het toe die venster oopgemaak en
 ingeklim.

.....

V. Waar was die radio gewees?

A. Dit het op die televisiestel gestaan.

V. Het jy toe die radio geneem?

A. Ek het.

V. Is jy toe weer by dieselfde venster
 uit?

A. Ek is.

V. Wat het jy met die radio gedoen?

A. Ek het dit vir myself geneem en ek is
 toe daarmee weg.

V. Het jy enige reg gehad om die venster
 oop te maak en in die huis te gaan?

A. Ek het geen reg gehad nie.

V. Het jy enige reg gehad om die radio
 te neem?

A. Ek het geen reg gehad nie.

.....

V. Op die 16de Augustus 1978, die nag van
 die moord, was jy weer in die huis van
 mnr Loubser?

A. Ek was buitekant die huis.

V/.....

V. Het jy vir die oorledene mnr Loubser geskiet?

A. Ek het.

V. Het jy van buite af geskiet in die huis in?

A. Ek het van buite die venster geskiet.

V. Met 'n rewolwer of geweer?

A. Met 'n rewolwer.

V. Het jy bedoel om hom dood te skiet?

A. Ek wou hom doodskiet omdat hy nie my geld wou betaal nie.

V. Het jy dan vir hom gewerk?

A. Ek het.

V. "Beweer jy dat jy die reg gehad het om hom dood te skiet omdat hy jou nie betaal het nie?"

A. Ek het nie die reg gehad nie."

Die notule van hierdie verrigtinge voor

die landdros was bewysstuk "P2" by die verhoor in die

hof a quo, en ek sal ook so daarna verwys.

Appellant is ter strafsitting verwys en het op 25 Oktober 1978 voor regter L C Steyn en twee assessore verskyn. By die aanvang van die verrigtinge het sy advokaat, mnr J Jordaan, die hof meegedeel dat hy ingevolge art. 77(1), gelees met art. 79, van die Strafproseswet aansoek doen om die verwysing van appellant vir waarneming. Mnr Jordaan het prof. J A Olivier, die hoof-Staatspatoloog in die Oranje-Vrystaat, as getuie geroep om die aansoek te ondersteun en laasgenoemde het op die vraag of appellant na sy mening oor die geestesvermoëns beskik "om te verstaan wat die erns van hierdie saak is en om sy verdediging behoorlik te voer", gesê: "U Edele, ek het die indruk gekry dat daar

tog/.....

tog 'n redelike moontlikheid bestaan dat hierdie beskuldigde nie ten volle kennis dra of bewus is van die omstandighede nie." In antwoord op die vraag of hy die moontlikheid kon uitskakel dat appellant 'n "sub-normale geestelike vermoë, verstandelike vermoë" het, het prof. Olivier gesê dat hy nie die moontlikheid kon uitskakel nie. Mnr Jordaan het op grond van prof. Olivier se getuienis aangevoer "dat die feit dat daar 'n redelike moontlikheid bestaan dat die beskuldigde nie die verrigtinge en die erns daarvan kan begryp nie", voldoende was om 'n bevel ingevolge art. 77, gelees met art. 79, van die Strafproseswet uit te reik. Die geleerde regter het daarop ingevolge die bepalinge van art. 79(2) en (3) van die Strafproses-

wet/.....

wet gelas dat appellant vir "ondersoek en verslag" na 'n hospitaal vir sielsiekes, nl. die Oranje-hospitaal in Bloemfontein, verwys word. Hy het verder gelas dat die psigiaters 'n verslag oor appellant aan die griffier van die hof moes voorlê. Een van die drie was dr Rossouw, wat op versoek van mnr Jordaan as psigiater vir appellant aangestel is.

Die saak het op 1 Februarie 1979 weer voor die hof gekom. Op daardie dag is 'n gesamentlike verslag deur twee psigiaters, nl. prof. W H Wessels en dr P J Gouse, aan die hof voorgelê. In paragraaf 4 van die verslag, wat op 20 Nôvember 1978 onderteken is, word die volgende onder die opskrif "Bevindings" gesê:

"(a)/.....

"(a) Hy is weens verstandelike vertraging nie in staat om Hofverrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer nie.

(b) Hy was weens verstandelike vertraging ten tyde van die betrokke handeling nie in staat om die ongeoorloofdheid daarvan te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorloofdheid van die betrokke handeling op te tree nie. Hy is dus nie strafregtelik toerekenbaar nie."

Nadat die verslag aan die hof voorgelê is, het regter

Steyn gevra: "Betwis u enigsins die bevinding van die

psigiaters?" Appellant se advokaat (mnr Jordaan) het

geantwoord: "... ek kan dit op geen grond betwis nie."

Mnr Möller se antwoord was: "... die Staat betwis ook

nie die bevinding nie." Mnr Möller het die hof toe

om/.....

om 'n bevel ingevolge art. 77(6) van die Strafproseswet

gevra, waarop regter Steyn die volgende bevel uitgereik het:

"Ingevolge artikel 77(6) van die Strafproseswet word gelas dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes, naamlik Oranje-hospitaal, aangehou word hangende die beskikking van die Staatspresident."

By die bogemelde sitting van die hof op

1 Februarie 1979 is daar nóg deur die advokate nóg deur

die hof enige melding van dr Rossouw of van 'n verslag

deur haar gemaak. Wat dr Rossouw betref, kan hier kortliks

gesê word dat die verhoorhof (Brink R en sy assessore)

meegedeel is dat sy nie 'n psigiater was nie, maar 'n ge-

neesheer wat destyds by die Oranje-hospitaal in die diens

van die Staat was. Brink R het toe 'n psigiater, dr

C/.....

C Shubitz van Johannesburg, "as derde lid van die psigiatriese paneel" aangestel om verslag te doen oor "die toerekenbaarheid van die beskuldigde tydens al die misdrywe wat hom ten laste gelê word." Toe dit na 'n tyd geblyk het dat dr Shubitz om persoonlike redes nie langer beskikbaar was nie, is 'n ander psigiater, dr A B Longano, ook van Johannesburg, deur die hof in die plek van dr Schubitz as psigiater vir appellant aangestel. Dr Longano het 'n verslag oor appellant opgestel en het by die verhoor getuig oor die vraag of appellant by sy volle positiewe was toe hy die bogemelde verklarings (bew. P1 en bew. P2) voor 'n landdros gemaak het, asook oor die vraag van appellant se toerekeningsvatbaarheid

toe/.....

toe hy, soos beweer is, die misdade gepleeg het wat hom ten laste gelê is.

Nadat appellant in die Oranje-hospitaal as Staatspresidentspasiënt opgeneem is, het psigiaters wat aan die hospitaal verbonde was hom van tyd tot tyd ondersoek. Tot in 1980, wil dit voorkom, is daar deur die meeste van hulle gemeen dat appellant aan skisofrenie ly, maar daar was ook ander wat van die begin af vermoed het dat hy geestesongesteldheid gesimuleer het. In 1981, blyk dit, is daar nie langer geglo dat appellant 'n skisofreen was nie. Dr P H J J van Rensburg, senior psigiater by die hospitaal, wat by die verhoor namens die Staat getuig het, het na 'n reeks onderhoude met

appellant/.....

appellant in Augustus-September 1981 tot die gevolg-
trekking gekom dat appellant 'n gemiddelde intelligensie
het, d.w.s. 'n I K van 85 tot 115, maar nader aan 100
as aan 85; dat hy nie aan skisofrenie ly nie en dat hy
nie sertifiseerbaar is as geestesongesteld of geestesge-
brekig nie. In daardie selfde tyd, het dr Van Rensburg
getuig, het hy appellant uitgevra oor wat daar in Augustus
1978 gebeur het, en appellant het toe aan hom 'n ver-
klaring gemaak wat "ooreengestem" het met wat appellant
in bew. P1 en bew. P2, hierbo genoem, gesê het. (Aan
sekere ander persone, wil dit blyk, het appellant gesê
dat hy geen herinnering het aan wat tussen Augustus 1978
en April 1979 gebeur het nie.) Op 13 April 1984, kan

hier/.....

hier bygevoeg word, het appellant weer eens aan dr Van Rensburg laat blyk dat hy die gebeure van Augustus 1978 onthou.

Toe die oortuiging ontstaan het dat appellant nie geestesongesteld was nie, is daar oorweging aan sy ontslag as Staatspresidentspasiënt gegee. Dr Van Rensburg het in 1982 aanbeveel dat hy ontslaan word. In Desember 1983 het die hospitaalraad besluit dat appellant se amptelike curator ad litem, d.w.s. die Prokureur-generaal, die nodige aansoek by die hof moes doen om 'n aanbeveling te verkry dat appellant ontslaan word. Die destydse Prokureur-generaal (mnr Tucker) het daarna so 'n aansoek aan 'n regter gerig. Die aansoek is op 9 Februarie 1984

afgewys/.....

afgewys, vermoedelik omdat die betrokke regter gevrees het dat appellant 'n gevaar vir die publiek sou wees indien hy vrygelaat word. (Mnr Tucker, wil dit voorkom, het die regter meegedeel dat appellant nie aangekla sou word indien hy vrygelaat word nie.) Die huidige Prokureur-generaal (mnr McNally) het daarna weer op die aangeleentheid ingegaan en nadat hy op 13 April 1984 'n samespreking met lede van sy personeel en psigiaters van die Oranje-hospitaal gevoer het, het hy besluit om appellant weer aan te kla en om die voormelde aansoek om 'n aanbeveling dat appellant as Staatspresidents-pasiënt ontslaan moet word, te hernieu.

Appellant is toe weer aangekla - die klag-

staat/.....

staat dra die datum 18 April 1984 - en die betrokke regter het by die Minister van Gesondheid aanbeveel dat appellant ontslaan word. Hierdie aanbeveling is op 23 Mei 1984 aan die Minister gestuur. Die Staatspresident het die Minister van Gesondheid ingevolge die bepalings van art. 29(2) van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 gemagtig om appellant as Staatspresidentspasiënt te ontslaan en in 'n gevangenis te laat opneem, en die Minister het op 8 Augustus 1984 so 'n bevel uitgereik.

Appellant se verhoor voor Brink R het op 6 Augustus 1984 begin. Mnr Edeling, wat hom ook in hierdie hof verteenwoordig het, het pro Deo vir appelland verskyn. Mnr McNally, die prokureur-generaal, het vir

die/.....

die Staat verskyn.

By die aanvang van die verhoor het appellant op al die aanklagte onskuldig gepleit. Mnr Edeling het die hof daarna toegesprek en gesê dat daar "verdere pleite en 'n lang verduideliking" (d.w.s. pleitverduideliking) is. In die loop van sy betoog, wat oor 'n paar dae gestrek het, het hy op verskeie gronde o.m. aangevoer dat die Staat nie geregtig was om met die saak teen appellant voort te gaan nie en dat die prokureur-generaal nie geregtig was om 'n vervolging teen appellant in te stel nie. Die verhoorregter het al die besware wat die advokaat teen die voortsetting van die verhoor geopper het op 31 Augustus 1984 in 'n voorbehoue uitspraak verwerp. Sommige van hierdie besware vorm die onderwerp

van/.....

van die eerste paragraaf van die spesiale aantekeninge en van paragraaf (vi) van die appèlgronde waarvan ek hierbo melding gemaak het en wat ek hieronder aanhaal.

Voordat ek dit aanhaal, is daar nog iets wat ek wil noem.

Dit is naamlik dat mnr Edeling in die loop van die gemelde

pleitverduideliking aan die hof gesê het dat appellant

ontken dat hy enige van die handeling wat hom in die

akte van beskuldiging ten laste gelê word, verrig het,

maar dat indien bevind sou word dat hy wel daardie

handeling verrig het, appellant se verweer is dat hy

"nie strafregtelik toerekenbaar daarvoor" was nie.

"Dit is nou", het die advokaat bygevoeg, "ingevolge

artikel 78(1) van die Strafproseswet." Hierdie artikel

word/.....

word later in die uitspraak aangehaal.

Die spesiale aantekeninge is soos volg deur

Brink R geformuleer:

1. "(a) Vanwee die volgende feite en omstandighede is dit onreëlmstig en strydig met die reg dat die beskuldigde aan hierdie verhoor onderwerp is -

- i) Die feit dat daar nie in 1978 toe hy tereggestaan het op dieselfde vier aanklagte as waarop hy tans teregstaan 'n psigiater vir hom aangestel is wat sy geestestoestand kon ondersoek nie;
- ii) Die bestaan van 'n eenparige bevinding in 1978 deur twee psigiaters aangestel deur die Hof dat hy tydens die pleging van die betrokke misdrywe verstandelik vertraag was;
- iii) Die feit dat die Prokureur-generaal, wat ook tot die beskuldigde se ontslag as Presidentspatiënt op 8 Augustus 1984 sy curator ad litem was, as Staatsaanklaer in hierdie verhoor optree terwyl daar botsende belange was, soos byvoorbeeld die kwessie van die beskuldigde

se/.....

se ontslag as Presidentspatiënt en sy herverhoor.

- (b) Dit was onreëlmstig dat die hof op 25 Oktober 1978 slegs twee psigieters aangestel het om ondersoek te doen na die beskuldigde se geestestoestand en artikel 79(1)(b)ii) van die Strafproseswet nie nagekom is nie.
- (c) Dit was onreëlmstig dat die Hof in 1979 toe die beskuldigde op die betrokke misdrywe tereggestaan het nie op grond van die eenparige bevinding van die psigieters, vervat in die verslag Bewysstuk B, bevind het dat die beskuldigde ontoerekenbaar was nie, maar net bevind het dat hy nie verhoorbaar was nie."
2. "Dit was onreëlmstig en strydig met die reg om verlof aan die Staat te verleen om prof. Wessels en dr Van Rensburg terug te roep as getuies om te getuig met betrekking tot dr Longano se interpretasie van die gedrag van die beskuldigde terwyl hy in die diens van mnr en mev. Nel was, om toe te laat dat hulle getuienis gelei word voordat die beskuldigde se saak gesluit is en om te weier dat mnr Edeling se brief

wat hy van dr Longano ontvang het in verband met sy beskikbaarheid as getuie op 14 Oktober 1985 in te handig."

Die feite waarop paragraaf 2 hierbo be-trekking het, sal later vermeld word.

Die gronde waarop appellant verlot verleen is om te appelleer, is die volgende, t.w. dat die hof

fouteer het -

- (i) "deur te bevind dat die beskuldigde se vorige verklarings, Bewysstukke P1 en P2, toelaatbaar is as getuienis."
- (ii) Deur te bevind dat die beskuldigde die ten laste gelegde misdrywe gepleeg het."
- (iii) "Deur te bevind dat die bewyslas op die beskuldigde rus om te bewys dat hy ontoerekenbaar was, indien hy die handeling verrig het."

(iv)/.....

- (iv) "Deur geen (alternatiewelik geen voldoende) analise te doen met betrekking tot die vraag of die Staat die bewyslas dra om te bewys dat die beskuldigde gesimuleer het."
- (v) "Deur te bevind dat die beskuldigde toerekenbaar is met betrekking tot die misdrywe."
- (vi) "Deur op 31 Augustus 1984 teen die beskuldigde te bevind op die voorlopige besware, en te bevind dat die Prokureur-generaal geregtig was om te vervolg en dat die Staat geregtig was om voort te gaan met die verhoor, en dat die verhoor mag voortgaan."
- (vii) "Daar onvoldoende gewig te heg, met betrekking tot vonnis aan:
- (a) beskuldigde se persoonlike omstandighede;
 - (b) die feit dat beskuldigde reeds vanaf vroeg 1979 feitlik deurentyd van sy vryheid ontnem is en vanaf April 1984 in die gevangenis is;
 - (c) die feit dat die pistool en radio teruggevind is;
 - (d) die ontwrigting van die beskuldigde se lewe;
 - (e) die feit dat beskuldigde in 1978 sy volle samewerking gegee het."
- (viii) "Deur vonnis op te lê wat onder al die omstandighede skokkend onvanpas is."

Ek gaan nou oor tot 'n bespreking van die spesiale aantekeninge. Dit is hierbo aangehaal.

In paragraaf 1 daarvan word gesê dat daar in verskeie opsigte onreëlmatig en strydig met die reg opgetree is en dat appellant nie aan die verhoor voor Brink R en sy assessore onderwerp moes gewees het nie. Ek sal subparagraawe (a)(i) en (ii), (b) en (c) van die paragraaf saam behandel omdat hulle verband hou met mekaar, en omdat, soos ek hieronder sal aantoon, al die bewerings van onreëlmatighede wat daarin gemaak word groten-deels op 'n wanopvatting van die aard van die verrigtinge voor L C Steyn R op 25 Oktober 1978 en 1 Februarie 1979 en van die bevale wat hy by daardie geleentheid gegee het, berus.

Die/.....

Die aansoek wat op 25 Oktober 1978 voor

L C Steyn R gedien het, was 'n aansoek ingevolge art.

77(1), gelees met art. 79, van die Strafproseswet.

Appellant se advokaat het die getuienis van prof. Olivier

voor die hof gelê en daarna het hy op grond van dié ge-

tuienis betoog dat daar 'n redelike moontlikheid was

dat appellant nie die aard en erns van die verrigtinge

kon begryp nie.

Die advokaat het daarop "n bevel

in terme van art. 77 saangelees met artikel 79"

gevra, en ook dat dr Rossouw ingevolge art. 79(1)

(b)(iii) as psigiater vir appellant aangestel word.

Die geleerde regter het appellant toe ingevolge die bepalinge

van art. 79(1) van die gemelde wet "vir ondersoek en

verslag/.....

verslag " na die Oranje-hospitaal verwys. Hy het ook, soos hy versoek was om te doen; vir dr Rossouw as psigiater vir appellant aangestel, en die psigiaters is gelas om hulle verslag ingevolge art. 79(1), (3) en (4) aan die griffier van die hof voor te lê.

Voordat ek na die verrigtinge voor die hof op 1 Februarie 1979 verwys, haal ek eers uit die bogemelde artikels 77 en 79 aan:

"77. (1) Indien dit in enige stadium van strafregtelike verrigtinge vir die hof blyk dat die beskuldigde vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer nie, gelas die hof dat die aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van artikel 79 ondersoek en oor verslag gedoen word.

(2)/.....

(2) Indien die bevinding in die betrokke verslag vervat die eenparige bevinding van die persone is wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het en die bevinding nie deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word nie, kan die hof die aangeleentheid op bedoelde verslag beslis sonder om verdere getuienis aan te hoor.

(3) Indien bedoelde bevinding nie eenparig is nie of, indien eenparig, deur die aanklaer of die beskuldigde betwis word, beslis die hof die aangeleentheid na die aanhoor van getuienis, en die aanklaer en die beskuldigde kan te dien einde getuienis aan die hof voorlê, met inbegrip van die getuienis van 'n persoon wat ingevolge artikel 79 na die geestestoestand van die beskuldigde ondersoek ingestel het.

.....

(6) Indien die hof bevind dat die beskuldigde nie oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer nie, gelas die hof dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis aangehou word hangende die beskikking van die Staatspresident,

.....

"79. (1) Waar 'n hof 'n lasgewing ingevolge artikel 77(1) of 78(2) uitreik, word die betrokke ondersoek ingestel en oor verslag gedoen -

(a) waar die beskuldigde aangekla word weens 'n misdryf waarvoor die doodstraf nie opgelê kan word nie, deur die geneeskundige superintendent van 'n hospitaal vir sielsiekes deur die hof aangewys, of deur 'n psigiater deur bedoelde geneeskundige superintendent op versoek van die hospitaal aangestel; of

(b) waar die beskuldigde aangekla word weens 'n misdryf waarvoor die doodstraf opgelê kan word of waar die hof in 'n besondere geval aldus gelas -

(i) deur die geneeskundige superintendent van 'n hospitaal vir sielsiekes deur die hof aangewys, of deur 'n psigiater deur bedoelde geneeskundige superintendent op versoek van die hof aangestel;

(ii) deur 'n psigiater deur die hof aangestel en wat nie in die healtydse diens van die Staat is nie; en

(iii)

(iii) deur 'n psigiater deur die beskuldigde aangestel indien hy dit verlang.

(2) Die hof kan vir die doeleindes van die betrokke ondersoek die beskuldigde na 'n hospitaal vir sielsiektes of 'n ander deur die hof aangewese plek verwys, vir die tydperk wat nie dertig dae op 'n keer te bowe gaan nie wat die hof van tyd tot tyd bepaal,.....

(4) Die verslag moet -

- (a) 'n beskrywing van die aard van die ondersoek bevat; en
- (b) 'n diagnose van die geestestoestand van die beskuldigde bevat; en
- (c) indien die ondersoek ingevolge art. 77(1) is, 'n bevinding bevat of die beskuldigde oor die vermoë beskik om die betrokke verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer; of
- (d) indien die ondersoek ingevolge artikel 78(2) is, 'n bevinding bevat van die mate waarin die vermoë van die beskuldigde om die ongeoorlooftheid van die betrokke handeling te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van daardie handeling op te tree, ten tyde van die verrigting daarvan deur geestesongesteldheid of geestesgebrek aange-

tas was."

Ek haal ook subartikels (1), (2) en (6)

van art. 78 van die wet aan:

"78. (1) Iemand wat 'n handeling verrig wat 'n misdryf uitmaak en wat ten tyde van so 'n verrigting aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek ly wat tot gevolg het dat hy nie oor die vermoë beskik -

(a) om die ongeoorlooftheid van sy handeling te besef nie; of

(b) om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy handeling op te tree nie,

is nie vir so 'n handeling strafregtelik toerekenbaar nie.

(2) Indien dit by strafregtelike verrigtinge beweer word dat die beskuldigde vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie vir die ten laste gelegde misdryf strafregtelik toerekenbaar is nie, of indien dit vir die hof by strafregtelike verrigtinge blyk dat die beskuldigde vanweë so 'n rede nie aldus toerekenbaar mag wees nie, gelas die hof dat die aangeleentheid ooreenkomstig die bepalings van artikel 79 ondersoek en oor verslag gedoen word.

.....

(6) Indien die hof bevind dat die beskuldigde die betrokke handeling verrig het en dat hy ten tyde van so 'n verrigting vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek nie vir daardie handeling strafregtelik toerekenbaar was nie, vind die hof die beskuldigde onskuldig vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek, na gelang van die geval, en gelas dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis hangende die beskikking van die Staatspresident aangehou word."

Op 1 Februarie 1979 was daar, soos reeds

hierbo gesê, 'n verslag van twee psigiaters, prof. Wessels

en dr Gouse, voor die hof, maar nie van dr Rossouw nie.

(Dit blyk dat sy nie 'n psigiater was nie.) Die verslag

van prof. Wessels en dr Gouse was 'n eenparige. Paragraaf

4 daarvan, wat ek reeds hierbo aangehaal het maar wat ek

geriefshalwe hier herhaal, het soos volg gelui:

"4/.....

"4. Bevindings:-

- (a) Hy is weens verstandelike vertraging nie in staat om Hofverrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer nie.
- (b) Hy was weens verstandelike vertraging ten tyde van die betrokke handeling nie in staat om die ongeoorlooftheid daarvan te besef of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van die betrokke handeling op te tree nie. Hy is dus nie strafregtelik toerekenbaar nie."

Die geleerde regter het die Staat se advokaat en appellante se advokaat gevra of hulle die bevindings van die psigiaters betwis. Albei het geantwoord dat hulle dit nie betwis nie en daarop het die regter ingevolge art. 77(6) van die Strafproseswet (hierbo aangehaal) gelas dat appellante in 'n hospitaal vir sielsiektes, nl. Oranje-hospitaal, aangehou word

hangende/.....

hangende die beskikking van die Staatspresident. Volgens die notule van die verrigtinge op 1 Februarie 1979 het nóg die advokate nóg die regter enige melding van dr Rossouw gemaak.

In subpar. (a)(i) van par. 1 van die spesiale aantekeninge word gesê dat 'n onreëlmatigheid begaan is deurdat daar nie 'n psigiater vir appellant aangestel is "wat sy geestestoestand kon ondersoek" nie en dat appellant op grond van o.m. hierdie onreëlmatigheid nie verhoor moes gewees het nie. In subpar. (b) word 'n dergelike bewering gemaak. Daar steek niks in dié bewerings nie. Die hof het met sy aanstelling van dr Rossouw as psigiater vir appellant gedoen wat appellant

se/.....

se advokaat hom gevra het om te doen en appellant kan

nie daarvoor kla nie. Die feit dat daar nie 'n derde

psigiater was nie, het appellant geensins benadeel nie.

Die bevel wat die hof ingevolge art. 77(6) van die

Strafproseswet uitgereik het, was immers 'n bevel soos

deur appellant se advokaat verlang was. Wat die kwessie

van 'n derde psigiater betref, het ek reeds daarop gewys

dat Brink R in die loop van die verhoor 'n psigiater, dr

C Shubitz van Johannesburg, as psigiater vir appellant

aangestel het, en dat toe dr Shubitz ná 'n tyd, om per-

soonlike redes, nie meer as psigiater kon optree nie,

'n ander Johannesburgse psigiater, dr Longano, in sy

plek aangestel is.

In subart. (a)(ii) van par. 1 van die

spesiale/.....

spesiale aantekeninge word gesê dat dit die eenparige bevinding van prof. Wessels en dr Gouse was dat appellant tydens die pleeg van die misdaad verstandelik vertraag was, en in subart. (c) word beweer dat L C Steyn R op 1 Februarie 1979 onreëlmstig gehandel het toe hy nie op grond van daardie eenparige bevinding bevind het dat appellant ten tyde van die pleeg van die misdade ontoerekenbaar was nie, maar net bevind het dat hy nie verhoorbaar was nie. Die geleerde regter het geen onreëlmstigheids begaan nie. Hy is op 25 Oktober 1978 ingevolge art. 77(1) van die Strafproseswet (hierbo aangehaal) versoek om appellant vir observasie te verwys sodat bepaal kon word of appellant - om die woorde van

die ./.....

die artikel te gebruik - "oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer". Hierdie aansoek is toegestaan.

Die ondersoek wat die psigiaters na die geestestoestand van appellant moes gedoen het, was 'n ondersoek ingevolge art. 77(1) van die Strafproseswet en gevolglik moes hulle verslag, soos vereis deur art. 79(4)(c) van dié wet, 'n bevinding bevat het oor die vraag of appellant "oor die vermoë beskik om die betrokke verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer."

Hulle moes m.a.w. slegs ondersoek ingestel het na die vraag of appellant verhoorbaar was of nie. Hulle het egter verder gegaan en ook bevind dat appellant vanweë

verstandelike/.....

verstandelike vertraging nie in staat was om die ongeoorlooftheid van sy handeling te besef nie, ens., en dat hy derhalwe nie "strafregtelik toerekenbaar" was nie.

(Kyk par. 4 van hulle verslag, hierbo aangehaal.) So 'n bevinding is relevant by 'n ondersoek ingevolge art.

78(2) van die wet, en nie by 'n ondersoek ingevolge art.

77(1) nie: kyk art. 79(4)(c) en (d). Daar was nooit

sprake van 'n ondersoek ingevolge art. 78(2) voor L C

Steyn R. nie en die feit dat die psigiaters te werk gegaan

het asof hulle so 'n ondersoek kon, of moes, doen, was

irrelevant by die besluit wat die geleerde regter moes

neem, t.w. of hy 'n bevel ingevolge art. 77(6) van die

Strafproseswet moes gee. Daar is dus nie grond vir

die bewering dat die hof onreëlmstig opgetree het deur

slegs/.....

slegs te bevind dat appellant nie verhoorbaar was nie,
en nie ook dat hy nie toerekenbaar was nie.

Daar is twee verdere betoë van appellant
se advokaat met betrekking tot subart. (a)(i) en (ii)
en subart. (c) van par. 1 van die spesiale aantekeninge
waaraan aandag gegee moet word.

I.v.m. subart. (a)(i) en (ii) beroep die
advokaat hom op estoppel. Die beweerde estoppel be-
staan volgens die betoog in die volgende: die advokaat
vir die Staat het tydens die hofverrigtinge op 1 Februarie
1979 te kenne gegee dat hy die geheel van die verslag
van die psigiaters aanvaar; dat hy daardeur 'n voor-
stelling aan appellant (en sy advokaat) gemaak het, t.w.

dat/.....

dat hy - en dus die Staat - o.a. aanvaar dat appellant ten tyde van die pleeg van die misdade ontoerekeningsvatbaar was; dat appellant op daardie voorstelling gehandel het en dat hy daardeur benadeel is deurdats hy toe nie stappe gedoen het om 'n privaat psigiater te laat aanstel om ondersoek na sy geestestoestand in te stel nie. Die selfde betoog is ook in die hof a quo gelewer. Die hof het dit verwerp. Mnr Edeling kla dat die geleerde regter nie ingegaan het op die vraag of die leerstuk van estoppel "ook in die strafreg" geld nie, maar bloot gesê het dat selfs indien dit in die strafreg sou bestaan, die feite van die saak nie 'n verweer van estoppel sou kon regverdig nie. Die geleerde regter kan, met eerbied gesê, nie verkwalik word dat hy nie op die in die algemeen gestelde/.....

gestelde vraag of estoppel ook in die strafreg geld,
ingegaan het nie. Die advokaat het geen gesag oor die
vraag aan hom voorgelê nie, en aangesien die feite van
die saak getoon het dat die beginsels van estoppel nie
toepassing kon vind nie, sou dit 'n verspilling van
tyd en energie gewees het om op die gemelde vraag in
te gaan. Dieselfde geld wat hierdie hof betref.
Selfs indien ek argumentshalwe - bloot argumentshalwe -
sou aanvaar dat die hofverrigtinge op 1 Februarie 1979
tot 'n estoppelverhouding tussen appellant en die Staat
aanleiding sou kon gegee het, toon die feite dat appellant
hom nie op 'n verweer van estoppel sou kon beroep nie.
In die eerste plek kan die verklaring van die Staat se

advokaat/.....

advokaat dat die Staat nie die "bevinding" van die twee psigiaters "betwis" nie, nie gesien word as 'n voorstelling aan appellant dat die Staat aanvaar dat hy ten tyde van die pleeg van die misdade nie toerekeningsvatbaar was nie.

Art. 77(2) en (3) toon dat wanneer die bevinding van psigiaters voor 'n hof geplaas word, die hof moet vasstel of daardie bevinding, al is dit eenparig, deur die aanklaer of die beskuldigde "betwis" word. Die feit dat 'n bewering betwis word of nie betwis word nie, kan bepaal welke prosedure die hof daarna kan volg met betrekking tot die voorlegging van getuienis. Toe die geleerde regter die advokate in die onderhawige geval gevra het of hulle die psigiaters se bevinding betwis, het die hof ingevolge art. 77(2) opgetree, en die antwoorde wat die advokate aan hom gegee het,

het/.....

het hom in staat gestel om die aangeleentheid op die verslag te beslis sonder om verdere getuienis aan te hoor.

Die aangeleentheid waaroor die geleerde regter moes beslis, was of hy 'n bevel ingevolge art. 77(6) moes gee.

Albei advokate het dit noodwendig geweet, en in die omstandighede kan die antwoord wat die Staat se advokaat aan die hof gegee het nie gesien word as 'n voorstelling aan appellant wat enigsins 'n verweer van estoppel sou kon grondves nie. Daar is nog 'n verdere oorweging.

Al sou 'n mens argumentshalwe aanvaar dat die gemelde antwoord van die Staat se advokaat aan die hof 'n voorstelling aan appellant was, soos beweer word, sou appellant nie kon sê dat dit 'n voorstelling was wat hom tot sy nadeel laat handel het nie. Die psigiaters se verslag

toon dat hulle sowel hulle bevinding dat appellant nie verhoorbaar was nie as hulle bevinding dat hy nie toerekeningsvatbaar was nie gegrond het op sy "verstandelike vertraging". Op die dag toe hierdie verslag voor die hof gelê is, het appellant geweet dat hy nooit verstandelik vertraag was nie, maar dat hy vertraagdheid gesimuleer het en die psigiaters mislei het om te glo dat hy vertraag was. Iemand wat weet dat 'n voorstelling wat aan hom gemaak is nie die waarheid bevat nie en self weet wat die waarheid is, kan nie sê dat hy deur die voorstelling mislei is nie. Kyk bv. Bird v. Sumerville and Another 1961(3) SA 194(A) op 204 E-F, en Van Rooyen v. Minister van Openbare Werke en Gemeenskapsbou 1978(2) SA 835(A) op 849 G-H.

In die onderhawige saak sou dit verregaande wees om toe te laat

dat/....

dat appellant kan steun op 'n bevinding, of op 'n voorstelling
 wat op so 'n bevinding gegrond is, waar hy weet dat sy
 bedrog tot die bevinding aanleiding gegee het.

I.v.m. subart. (1)(i) en (ii) en subart.

(c) van par. 1 het mnr Edeling 'n betoog gelewer oor

wat hy quasi res judicata noem. Dit is 'n vreemde betoog

wat, as ek dit reg verstaan, daarop neerkom dat dit

inbegrepe is in die bevel van L C Steyn R op 1 Februarie

1979 dat appellant ten tyde van die pleeg van die misdade

nie toerekeningsvatbaar was nie. In die alternatief is

betoog dat die geleerde regter op die gemelde dag onreël-

matig opgetree het deur nie uitdruklik te bevind en te

verklaar dat appellant ontoerekeningsvatbaar was nie.

Wat betref die betoog dat dit inbegrepe

is/.....

is in die bevel van 1 Februarie 1979 dat appellant ten tyde van die pleeg van die misdade ontoerekeningsvatbaar was, is dit nie nodig om meer te sê as dat dit klaarblyklik heeltemal ongegrond is nie. Die geleerde regter is gevra om te bevind dat appellant nie verhoorbaar was nie, en dit is wat hy bevind het toe hy ingevolge art. 77(6) van die Strafproseswet gelas het dat appellant in die Oranje-hospitaal aangehou moet word. Die alternatiewe betoog is ewe ongegrond. Die geleerde regter is, soos reeds by herhaling gesê, slegs gevra om te bevind dat appellant nie verhoorbaar was nie, en dit is gevolglik moeilik om te verstaan hoe gesê word dat hy ook moes bevind het dat appellant nie toerekeningsvatbaar was nie.

Appellant/.....

Appellant se advokaat sê dat hy beseft dat art. 77 (gelees met art. 79) van die Strafproseswet voorsiening maak vir 'n ondersoek na 'n beskuldigde se verhoorbaarheid, en dat art. 78 (gelees met art. 79) van die wet voorsiening maak vir 'n ondersoek na die vraag van 'n beskuldigde se toerekeningsvatbaarheid. Maar, betoog hy, omdat 'n mens in die onderhawige geval die posisie het dat die psigiaters, anders as wat in die wet voorsien word, tegelyk oor albei vrae 'n bevinding gemaak het, vereis gesonde verstand dat die hof nie net moes bevind het dat appellant nie verhoorbaar was nie, maar ook dat hy ontoerekeningsvatbaar was.

Die geleerde regter, lui die betoog, moes appellant dus ook onskuldig bevind het aan die misdade waarvan die

Staat/.....

Staat hom aangekla het. Die betoog is heeltemal ongegrond. Die hof is net gevra om te bevind dat appellant nie verhoorbaar was nie. Dit het so bevind, en dit is onbegryplik hoe gesê kan word dat hy ook moes bevind het dat appellant ten tyde van die pleeg van die misdade ontoerekenbaar was. Verder moet daarop gelet word dat dit uit art. 78(6) van die Strafproseswet blyk dat 'n beskuldigde weens ontoerekenbaarheid onskuldig bevind kan word indien die hof bevind dat hy die betrokke handeling gepleeg het en dat hy ten tyde van die handeling vanweë geestesongesteldheid of geestesgebrek "nie vir daardie handeling strafregtelik toerekenbaar was nie..... ". In die onderhawige geval was/.....

was daar geen sprake van 'n bevinding dat appellant die betrokke handeling gepleeg het nie en daar kon dus ook geen bevinding van onskuldig aan die ten laste gelegde handeling gewees het nie.

In subpar. (a)(iii) van par. 1 van die spesiale aantekeninge word gesê dat dit onreëlmatig en strydig met die reg is dat die Prokureur-generaal, wat tot appellant se ontslag as Presidentspasiënt op 8 Augustus 1984 sy amptelike curator ad litem was, as Staatsaanklaer in die verhoor opgetree het "terwyl daar botsende belange was, soos bv. die kwessie van die beskuldigde se ontslag as Presidentspasiënt en sy herverhoor." (Met "herverhoor" word die verhoor voor Brink R bedoel.)

Art. 3 van die Strafproseswet verleen aan 'n Prokureur-generaal die bevoegdheid om in die regsgebied waarvoor hy aangestel is strafregtelike verrigtinge ten behoewe van die Staat in te stel. Volgens art. 17 van die Wet op Geestesgesondheid, 1973 is 'n Prokureur-generaal in die gebied waarvoor hy aangestel is die amptelike curator ad litem van Presidentspasiënte.

Iemand wat kragtens 'n bevel ingevolge art. 77(6) van die Strafproseswet in 'n hospitaal vir sielsiekes ter beskikking van die Staatspresident aangehou word, is nie teen vervolging beskerm indien hy ná die bevel wat sy aanhouding gelas het, verhoorbaar word nie.

Dit blyk uit art. 77(7) van die Strafproseswet, wat

soos/.....

soos volg lui:

"(7) Waar 'n lasgewing ingevolge subartikel (6) of (9) uitgereik word dat die beskuldigde in 'n hospitaal vir sielsiekes of 'n gevangenis hangende die beskikking van die Staatspresident aangehou word, kan die beskuldigde te eniger tyd daarna, wanneer hy oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer, weens die betrokke misdryf vervolgd en verhoor word."

Dit is duidelik dat 'n prokureur-generaal die bevoegdheid het om 'n vervolging teen 'n Staatspresidentspasiënt van wie hy die amptelike curator ad litem is in te stel wanneer dit blyk dat die pasiënt "oor die vermoë beskik om die verrigtinge dermate te begryp dat hy sy verdediging na behore kan voer." Dit volg dus dat mnr McNally be-

voegd/.....

voegd was om appellant aan te kla indien hy oor die vermoë beskik het om sy verdediging na behore te kon voer. By die aanvang van die verhoor was daar nie sprake van dat die appellant nie verhoorbaar was nie.

Dit was gemene saak dat hy wel verhoorbaar was. Buitendien het hy op 8 Augustus 1984 opgehou om Staatspresidents-pasiënt te wees.

In die lig van wat hierbo gesê is, is dit moeilik om in te sien welke onreëlmatigheid daar was waaroor appellant hom kan bekla. Mnr Edeling voer egter aan dat daar sulke botsende belange by die Prokureur-generaal aanwesig was dat gesê kan word dat sy besluit om appellant te vervolg 'n misbruik van geregtelike/.....

geregtelike proses was. Appellant, sê hy, is as Staatspresidentspatiënt uit die Oranje-hospitaal ontslaan net sodat hy vervolg kon word. Dit is 'n ongegronde en onbesonne aantyging. Ek het in die uitsetting van die verloop van die saak hierbo kortliks aangedui hoe die psigiaters by die Oranje-hospitaal mettertyd tot die oortuiging gekom het dat appellant nie verstandelik vertraag was nie en dat hy nie aan 'n geestesiekte of - gebrek gelyk het nie, en hoe dit uiteindelik gekom het dat hy uit die inrigting ontslaan is. Ek wil nie herhaal wat ek reeds gesê het nie en is ook nie voornemens om hier al die

getuienis/.....

getuienis wat op die aangeleentheid betrekking het
te vermeld en te bespreek nie. Ek vind dit vol-
doende om te sê dat ek al die getuienis oorweeg het
en dat dit na my mening geen grond bied vir die aan-
tyging dat mnr McNally in enige stadium of in enige
opsig onbehoorlik opgetree het nie.

Ek kom nou by par. 2 van die spesiale aan-
tekeninge. Die feite wat daarop betrekking het, is
die volgende. Tydens die verhoor oor die vraag of
bewysstukke P1 en P2, hierbo vermeld, as getuienis
toelaatbaar was, het dr Longano, by ooreenkoms tussen

appellant /.....

appellant se advokaat en die prokureur-generaal, ook

getuienis oor die vraag van appellant se toerekenings-

vatbaarheid ten tyde van die pleeg van die misdade gegee.

In die loop van sy getuienis het hy o.m. die volgende

gesê:

"I believe that there is a real possibility that Willem Leeuw was of sound mind at the time of the alleged offences and perhaps even subsequently. I believe that there is an equally strong possibility that he was not sound of mind and suffering from one of the disorders I have mentioned. If I were to be asked to prove that Willem Leeuw was not of sound mind I would not be able to do so, but in my opinion there

is/.....

is not adequate proof of the contrary. I do not find a balance of probabilities in either direction and I regret to say that in this instance I feel that my evidence has been of no more use to the Court than the toss of a coin."

In kruisondervraging het hy bevestig dat hy nie "an assessment of the accused's condition at the time of the killing" kon maak nie.

Nadat die getuienis oor die vraag van die toelaatbaarheid van bewysstukke P1 en P2 voltooi was, het mnr McNally 'n aantal getuies, o.m. die bogenelde mnr en mev Nel, opgeroep om te getuig en daarna het hy die Staat se saak gesluit verklaar. Mnr Edeling het toe die hof gevra om die saak tot die volgende dag

te/.....

te verdaag omdat hy wou oorweeg of hy getuienis aan die hof sou voorlê. Hy het bygevoeg dat dit "hoogs onwaarskynlik" was dat hy getuienis sou aanbied en, verder, dat appellant self nie sou getuig nie. Die geleerde regter het toe die saak tot die volgende dag verdaag.

Die volgende dag het mnr Edeling 'n verdere uitstel gevra omdat hy die aangeleentheid nog verder wou oorweeg. Die hof het die saak weer uitgestel en op die uitgestelde dag het die advokaat die hof meegedeel dat hy "in die lig van sekere verdere getuienis" besluit het om dr Longano "terug te roep". Dr Longano het toe getuig en gesê dat hy op grond van sekere getuienis wat mnr en mev. Nel gegee het sy vroeëre mening oor appellant

se/.....

se geestestoestand gewysig het. Hy het tot die gevolg-
trekking gekom, het hy gesê, dat appellant ten tyde van
die misdade waarskynlik aan skisofrenie of 'n verwante
geestessiekte gely het en dat dit waarskynlik is dat hy
"was unable to appreciate fully the wrongfulness of the
act in question or to act in accordance with an appreciation
of the wrongfulness thereof." Dit is nie nodig om hier
te sê wat die betrokke getuienis van die Nels was en
dit
waarom/dr Longano sy vroeëre mening laat verander
het nie. Ek kom later in die uitspraak daarop terug.

Mnr McNally het daarna by die hof aansoek
gedoen om verlof om getuienis van prof. Wessels en dr Van

Rensburg/....

Rensburg ter weerlegging van dr Longano se getuienis
aan die hof voor te lê. Hy het daarop gewys dat prof.
Wessels en dr Van Rensburg hulle getuienis afgelê het voor-
dat die Nels getuig het en het betoog dat die Staat
deur dr Longano se getuienis verras is. Mnr Edeling
het die aansoek heftig teengestaan. Hy het o.m. aan-
gevoer dat die Staat die getuienis van die twee psigiaters
wou voorlê omdat dit uitgevind het "where the shoe pinches"
en dat dit 'n "growwe ongeregtheid" sou wees as
die aansoek toegestaan word. Die geleerde regter het,
in die uitoefening van die diskresie wat hy oor die
aangeleentheid gehad het, die aansoek toegestaan en
daarna redes vir sy besluit gegee. Mnr Edeling het

toe/.....

toe daarteen beswaar gemaak dat die getuienis aangehoor word voordat appellant se saak gesluit is. Sy houding was dat hy toegestem het dat mnr McNally die aansoek vóór die einde van appellant se saak kon doen, maar nie dat die getuienis ook dan aangehoor kon word nie. Brink R het die Staat se aansoek toegestaan en omdat dit, soos hy dit in sy uitspraak oor die aangeleentheid gestel het, "wenslik was dat daar onmiddellik voortgegaan moet word met die lei van die verdere psigiatriese getuienis aangesien dit moeilik is om die psigiaters bymekaar te kry en dit nodig geword het om hierdie saak so spoedig moontlik af te handel", het hy gelas dat prof. Wessels, dr Van Rensburg en dr Longano gedagvaar moet word om

almal/.....

almal op 14 Oktober 1985 by die hof te wees om getuienis af te lê. Dr Longano het op die betrokke dag nie opgedaag nie en mnr Edeling het die hof meegedeel dat hy aan dr Longano gesê het dat hy nie hoef te kom nie. Mnr Edeling wou daarna 'n brief van dr Longano by die hof inhandig waarin dr Longano glo gesê het waarom dit vir hom ongerieflik sou wees om te kom getuig. Mnr McNally het beswaar gemaak teen die inhandiging van die brief en die geleerde regter het die beswaar gehandhaaf. Prof. Wessels en dr Van Rensburg het getuienis afgelê, maar mnr Edeling wou nie een van hulle kruisverhoor nie omdat hulle, volgens hom, op onreëlmatige wyse toegelaat is om te getuig voordat appellant se

saak/.....

saak gesluit was. Mnr McNally het by 'n latere geleentheid aan die hof gesê dat prof. Wessels en dr Van Rensburg beskikbaar was om deur mnr Edeling gekruisverhoor te word. Mnr Edeling het die aanbod geweier en o.m. gesê:

"Die onderbreking van my saak was, met groot eerbied, 'n growwe onreëlmatigheid. Daar word nou van my verwag om onder moeilike omstandighede my samewerking te gee om die effek van daardie onreëlmatigheid te probeer afwater. Ek is nie bereid om dit te doen nie."

Die hof het, ten spyte van die feit dat hy prof. Wessels en dr Van Rensburg toegelaat het om getuienis te gee, besluit om hulle getuienis nie in ag te neem nie.

In/.....

In die hof se uitspraak word hieroor gesê:

"Wat betref die getuienis van prof. Wessels en dr Van Rensburg toe hulle teruggeroep is om te getuig, is die hof van mening dat hulle getuienis nie in aanmerking geneem moet word nie omdat hulle nie gekruisvra is deur mnr Edeling nie. Dit mag wees dat die beskuldigde gebind is deur die besluit van mnr Edeling om nie te kruisvra nie. Daar is egter die gevaar van benadeling."

Die hof sou ten volle geregtig gewees het om die getuienis van prof. Wessels en dr Van Rensburg in ag te neem, maar wou blykbaar alle gevaar vermy dat appellants dalk benadeel kon word deur die onberade en koppige weiering van sy advokaat om die getuies te kruisvra. Hoe dit ook al sy, die hof se besluit om die

betrokke/.....

betrokke getuienis buite rekening te laat, het die gevolg dat appellant nie kan sê dat die hof se besluit om prof. Wessels en dr Van Rensburg toe te laat om te getuig hom benadeel het nie. Met ander woorde, selfs indien 'n mens sou kon bevind dat die hof fouteer het deur die getuies toe te laat om te getuig, sou dit geen fout wees wat die uitslag van die saak enigsins beïnvloed het nie. Hiermee wil ek geensins te kenne gee dat ek meen dat die hof se besluit om die getuienis toe te laat enigsins foutief was nie. Inteendeel, ek meen dat die hof se besluit geregverdig en korrek was. Dr Longano het, soos hierbo aangedui, sy mening oor die vraag van appellants toerekeningsvatbaarheid verander, en waar daar nie, soos ek die saak sien, van die Staat verwag kon gewees het

om/.....

om te voorsien dat die getuie dit sou doen nie, was dit 'n korrekte besluit om prof. Wessels en dr Van Rensburg toe te laat om oor die aangeleentheid te getuig. Dit is wel waar dat die hof hulle - teen mnr Edeling se beware in - toegelaat het om te getuig voordat appellant se saak gesluit was, maar ek is geensins bereid om te sê dat die rede wat die hof vir sy besluit gegee het, soos hierbo vermeld, nie geregverdig was nie. Verder, en in ieder geval, appellant se advokaat het die geleentheid gehad om prof. Wessels en dr Van Rensburg te kruisondervra en ook om dr Longano weer te laat getuig, en in hierdie omstandighede kan ek nie begryp welke nadeel appellant nou eintlik gely het deurdat prof. Wessels en dr Van Rensburg toegelaat is om te getuig voordat mnr

Edeling/.....

Edeling appellant se saak gesluit verklaar het nie.

Daar bly nog mnr Edeling se beswaar oor

dat die hof geweier het dat hy dr Longano se brief aan

hom by die hof indien. Ek meen nie dat die hof

fouteer het nie. Mnr Edeling het besluit om aan dr

hy
Longano te sê dat/nie hoef te kom getuig nie en die rede,

of redes, waarom hy dit gedoen het, was kwalik ter sake.

Die advokaat het ook geensins aangedui dat dr Longano op

'n ander dag as dié wat die hof bepaal het beskikbaar sou

kon wees om te getuig nie. Verder, die hele getwis oor

die brief is 'n onbenulligheid. Al het die hof fouteer,

wat ek nie meen nie, het dit die verloop en die uitslag

van die saak in geen opsig hoegenaamd beïnvloed nie.

Ek/.....

Ek gaan nou daartoe oor om appellant se verskillende gronde van appèl, soos hierbo aangehaal, te behandel.

Die eerste van hierdie gronde is dat die hof a quo bewysstukke P1 en P2 verkeerdelik as getuienis toegelaat het. Appellant se verklaring, soos in bew.

P1 vervat, is voor 'n landdros afgelê, maar omdat daar nie 'n sertifikaat van die tolk was soos deur art. 217

(1)(b) van die Strafproseswet vereis word nie, het die

prokureur-generaal in die hof a quo aanvaar dat die

Staat moes bewys het dat die verklaring vrywillig en

ongedwonge deur appellant afgelê is terwyl hy by sy

volle positiewe was en sonder dat hy onbehoorlik daar-

toe beïnvloed is. Mnr Edeling betwis nie dat die

verklaring/.....

verklaring vrywillig en ongedwonge en sonder onbehoorlike beïnvloeding afgelê is nie. Sy betoog is dat die Staat nie bewys het dat appellant "by sy volle positiewe" was toe hy die verklaring afgelê het nie. Wat bew. P2 betref, is die advokaat se houding dieselfde, en hy wys daarop dat die prokureur-generaal in die hof a quo aanvaar het dat die Staat moes bewys dat appellant by sy volle positiewe was toe hy aan die landdros gesê het wat in bew. P2 verskyn.

Wat die getuienis oor die aangeleentheid betref, het die landdros voor wie bew. P1 afgelê is (mnr Kruger), die ondersoekbeampte in die saak (adj.-off. Pietersen) en die tolk wat in die geval van sowel bew. P1 as bew. P2 getolk het (mnr Kriel), getuig dat

hulle/.....

hulle niks abnormaals by appellant waargeneem het nie.

Prof. Wessels het getuig dat appellant na sy mening by albei geleenthede (d.w.s. toe bew. P1 en bew. P2 tot stand gekom het) by sy "volle positiewe" was indien met hierdie uitdrukking bedoel word dat daar by appellant geen geestesongesteldheid was nie. Hy het o.m. gesê dat wat appellant in die twee bewysstukke gesê het, gesê is deur 'n persoon "wat geen versteuring van denke gehad het nie." Albei bewysstukke, het hy gesê, getuig van rasionele denke en 'n intakte geheue van wat gebeur het op die dae toe die misdade gepleeg is en ook toe bewysstukke P1 en P2 tot stand gekom het. (Prof. Wessels en dr Gouse het nie insae in bewysstukke P1 en P2 gehad voordat hulle hul verslag wat op 1 Februarie 1979 voor

L C Steyn R gelê was, opgestel het nie.) Prof. Wessels het ook gesê, kan hier bygevoeg word, dat appellant in Januarie 1985 tydens 'n onderhoud teenoor hom ontken het dat hy "ooit geestesongesteld" was. Appellant self het nie getuienis afgelê nie.

Dr Longano het namens appellant getuig.

Met betrekking tot prof. Wessels se getuienis oor bewysstukke P1 en P2, het hy die kritiek uitgeoefen dat prof. Wessels -

"subjected these documents to a type of psycho-linguistic analysis. I find it difficult to treat them in the same way because I am convinced that some of the information was a product of translation."

Dr Longano was m.a.w., soos ek sy getuienis verstaan, nie bereid om te aanvaar dat die twee dokumente 'n ware

weergawe/.....

weergawe bevat van wat appellant by die twee geleenthede gesê het nie. Die kritiek berus nie op feite nie en is ongegrond. Appellant het by albei geleenthede Suid-Sotho gepraat. Mnr Kriel, wat dié taal goed ken en 23 jaar ondervinding as hoftolk het, het getuig dat hy alles wat appellant gesê het, korrek vertaal het. Hierdie getuienis is nie betwis nie. Daar is nie aan die getuie gestel dat sy vertolking van wat appellant gesê het in die een of ander opsig verkeerd was nie. Daar kan bygevoeg word dat appellant Afrikaans goed ken - prof. Wessels het gesê dat hy dit "vlot" praat - en dat hy sou gehoor het as mnr Kriel sy woorde verkeerd vertaal het.

Wat betref die inhoud van bewysstukke P1

en P2 en wat daaruit blyk, het dr Longano gesê:

I/.....

"I accept without reserve that the documents reflect clarity of consciousness on the part of the accused and indeed I concede that the statements may be a veridical account..... of the alleged offences....."

Hy het egter bygevoeg dat hy rede het om te twyfel of
appellant -

"was of sound mind at the time".

As redes vir sy twyfel het hy aangevoer dat dit syns
insiens onwaarskynlik is dat "a man of sound mind" wat
tot op daardie tydstop geen noemenswaardige misdaad ge-
pleeg het nie, nou skielik tot 'n "one man crime wave"
sou oorgegaan het; of dat so 'n man 'n moord op so 'n
"incompetent and ineffective way" sou beplan het, of
'n radio in die dag uit 'n huis sou gesteel het en dan
dieselfde nag na die huis toe sou teruggegaan het sonder

om/.....

om te vrees dat die mense in die huis op hulle hoede

sou wees. (Wat laasgenoemde punt betref, het die ge-

tuie darem bygevoeg: "Although I note that he is re-

ported to have cut the telephone wires.....") Dr Longano

se mening was dat appellant moontlik aan skisofrenie

of 'n ander soort geestessiekte gely het.

Wat betref die getuie se mening dat dit

onwaarskynlik is dat "a man of sound mind" sou opgetree

het soos appellant gedoen het, het hy in kruisonder-

vraging toegegee dat hy nie weet dat sake wat in die

howe dien dikwels voorbeelde lewer van die soort gedrag

waarna hy verwys het sonder dat dit met enige geestes-

siekte verband hou nie. Wat betref sy mening dat appellant

in die betrokke tyd moontlik aan die een of ander geestes-

siekte/...

siekte kon gelyk het, het hy sy standpunt soos volg opgesom in 'n

passasie waarvan ek 'n gedeelte reeds hierbo aangehaal het:

"In the absence of first-hand observation in temporal proximity to the alleged offences all I can really offer the Court is speculation I believe that there is a real possibility that Willem Leeuw was of sound mind I believe that there is an equally strong possibility that he was not of sound mind and suffering from one of the disorders I have mentioned I do not find a balance of probabilities in either direction and I regret to say that in this instance I feel that my evidence has been of no more use to the Court than the toss of a coin."

En ook:

"..... In effect what I am saying is that Willem Leeuw might have been sane or might not have been sane and I do not believe that the balance of probabilities from the evidence available to me favours either possibility."

Brink R het op grond van die getuienis van prof. Wessels en van menere Kruger, Pietersen en Kriel, asook die feit dat appellant nie getuienis oor die aangeleentheid afgelê het nie, bevind dat bo redelike twyfel bewys is dat appellant by sy volle positiewe was toe hy gesê het wat in bewysstukke P1 en P2 vervat is en dat die dokumente gevolglik as getuienis toelaatbaar was.

'n Vraag wat ontstaan, is of daar nie ná die "binneverhoor" getuienis voor die hof gelê is wat sou kon twyfel werp op die korrektheid van die beslissing om die twee dokumente as getuienis toe te laat nie.

(Kyk R.v. Melozani 1952(3) SA 639 (A); S.v. Mkwanazi

1966(1) SA 736 (A) op 742 E-G.) Getuienis wat hier

ter/.....

ter sprake kan kom, is dié wat dr Longano gegee het toe hy vir die tweede maal getuig het. Hierdie getuienis is, kom dit my voor, met betrekking tot die vraag van appellant se toerekeningsvatbaarheid voorgelê, maar dit hou ook verband met die getuie se bogemelde getuienis oor die vraag of appellant "a man of sound mind" was of iemand wat aan skisofrenie of 'n ander geestessiekte gely het. Sy getuienis was dan ook daarop gemik om aan te toon dat hy sy vroeëre mening verander het en op grond van sekere getuienis wat mnr en mev. Nel gegee het tot die gevolgtrekking gekom het dat appellant aan skisofrenie gely het. Die getuie se nuwe mening kan gerieflik hier bespreek word.

Volgens/.....

Volgens dr Longano het mnr en mev. Nel

vier dinge i.v.m. die gedrag van appellant genoem wat aanduidend is van 'n prodromale fase van skisofrenie.

Die vier dinge is:

(1) die feit dat appellant deur die vensters van die

Nels se huis geloer het;

(2) die feit dat hy teen die Nels se dogters gestamp het;

(3) appellant se onverantwoordelike gedrag deur nie

sy melkbeurte behoorlik na te kom nie; en

(4) mnr Nel se getuienis dat "after he discharged Leeuw,

Leeuw worked for somebody else for a period of

about three months and then that employment terminated

in an unspecified way".

Dr/.....

Dr Longano was bewus van die feite wat in (1) en (2) genoem word toe hy die vorige keer getuienis afgelê het. (Dit was vermeld in 'n maatskaplike verslag.) Hierdie feite, het hy getuig, het egter sedertdien 'n belangriker betekenis aangeneem as wat dit vroeër vir hom gehad het omdat dit later plaasgevind het as wat hy oorspronklik gedink het, t.w. waarskynlik in die tydperk Januarie tot Maart 1978 i.p.v. ongeveer September 1977. Hierdie tydverskil is belangrik, het hy gesê, omdat dit die betrokke gebeure nader aan feite (3) en (4) plaas en omdat alles saam op 'n verandering in die persoonlikheid van appellant dui. Dit staan nie vas dat die gebeure in (1) en (2) in Januarie-Maart 1978 plaasgevind/.....

plaasgevind het nie. Volgens mnr Nel se getuienis sou dit wel so gewees het, maar sy vrou plaas dit in ongeveer September 1977. Maar hoe dit ook al sy, ek stem saam met die siening van die verhoorhof dat daar nie aan die betrokke gebeurtenisse die betekenis geheg kan word wat dr Longano daaraan wil gee nie. Mev. Nel, wat geen psigiater is nie maar 'n vrou wat weet hoe jong mans soms kan optree, het getuig dat die gedrag van appellant waarom dit hier gaan plaasgevind het toe appellant "begin groot word het." Dit is ook relevant om te let op die getuienis dat mnr Nel appellant oor sy gedrag gefoeter het en dat dit daarna nie weer gebeur het nie. Feit (3) is 'n verwysing na die getuienis van mnr Nel dat appellant op twee opeenvolgende Sondae nie,

soos hy verplig was om te doen, die koeie kom melk het nie.

Dit is moeilik om te begryp hoe dr Longano enige waarde aan hierdie getuienis kon geheg het. Appellant se

versuim om te kom melk, het op twee Sondae plaasgevind.

Op weksdae het hy sy plig nagekom, en dit is verbasend

dat dit die getuie nie opgeval het dat appellant in

alle waarskynlikheid maar net die naweke wou vry gehad

het nie. Aan feit (4) kan ewe min die waarde geheg

word wat die getuie daaraan wil heg. Dit is waar dat

appellant vir sowat drie maande vir iemand anders ('n mnr

Furstenburg) gewerk het nadat hy deur mnr Nel ontslaan

is, maar daar is hoegenaamd geen getuienis oor hoe dit

gekom het dat appellant se diens by mnr Furstenburg

tot 'n einde gekom het nie. In dié omstandighede is

dit/.....

dit moeilik om te verstaan hoe die feit dat appellant opgehou het om by mnr Furstenburg te werk as enigsins aanduidend van 'n geestessiekte beskou kan word. Dit is ook nie al nie. Dit blyk uit dr Longano se getuienis dat, hoewel hy die geleentheid gehad het om dit te doen, hy nie vir appellant uitgevra het oor die gedrag waarna daar in items (1)-(4) hierbo verwys word nie. Toe hy in kruisondervraging gevra is waarom hy appellant nie daaroor uitgevra het nie, was sy antwoord dat hy appellant nie alles "in the course of the interview" kon gevra het nie en, verder, "that I do not have to."

Toe hy in verband met laasgenoemde antwoord gevra is waarom hy nie "the very person who was affected by those things" daaroor uitgevra het nie, was sy antwoord: "I

reserve the right to draw inferences from behaviour
irrespective of the stated or unstated reasons for that
behaviour." Dit was na my mening verstommende antwoorde
wat kwalik van 'n wetenskaplike benadering getuig.

Uit hoofde van al die voorgaande is ek van
mening dat tereg bevind is dat appellant by sy volle
positiewe was toe hy die verklaring wat in bew. P1
vervat is, afgelê het. Dieselfde geld vir die hof a
quo se bevinding ten opsigte van bew. P2.

Wat bew. P2 betref, moet ek ten slotte
kortliks daarop wys dat mnr McNally, met verwysing
na die beslissing van hierdie hof in S. v. Shabalala
1986(4) SA 734, betoog het dat hy ver-

keerdelik/.....

keerdelik in die hof a quo aanvaar het dat die Staat

moes bewys dat appellant ten tyde van die verrigtinge

in
wat/bew. P2 vervat is, by sy volle positiewe was. In

die lig van wat hierbo gesê is, is dit nie nodig om

hierdie aangeleentheid te bespreek nie.

Die tweede grond van appèl is dat die ver-
hoorhof fouteer het deur te bevind "dat die beskuldigde
die ten laste gelegde misdrywe gepleeg het." Daar
steek niks in die betoog nie. Daar is verskeie dinge
wat toon dat appellant al die misdade waaraan hy skuldig
bevind is, gepleeg het, t.w.:

(a) die inhoud van bewysstukke P1 en P2;

(b) die feit dat appellant op 18 Augustus 1978

die pistool wat 3 of 4 dae tevore uit die Nels se huis

gesteel is, aan die polisie uitgewys het;

(c).....

(c) die feit dat appellant op 18 Augustus 1978

die radio wat 3 dae tevore uit die Loubser se huis gesteel is, aan die polisie uitgewys het; (Hier kan bygevoeg word dat mev. Loubser getuig het dat die radio wat gesteel is bo-op 'n televisiestel gestaan het en dat appellant volgens bew. P2 aan die landdros gesê het dat die radio wat hy gesteel het op 'n televisiestel gestaan het.)

(d) die feit dat doppies wat buite die Loubser se huis deur die polisie gevind is, deur die gesteelde pistool afgevuur is; en

(e) die feit dat appellant ondanks al die getuienis wat hom met die misdade verbind nie getuienis afgelê het nie.

Mnr/.....

Mnr Edeling het i.v.m. die aanklag van moord voor ons aangevoer dat daar nie 'n redelike twyfel bevind kan word dat die oorledene gedood is deur 'n koeël wat deur appellant afgevuur is nie. Dit is redelik moontlik, het hy betoog, dat die oorledene, wat (volgens mev. Loubser se getuienis) 'n pistool by hom gehad het, homself per ongeluk kon geskiet het. Die betoog is strydig met mev. Loubser se getuienis. Dit is ook nie al nie: daar is nooit in kruisondervraging aan mev. Loubser gestel dat die oorledene se vuurwapen afgegaan het en dat hy homself kon raakgeskiet het nie, en daar kan gevolglik kwalik nou betoog word dat daar nogtans bevind moet word dat so iets moontlik kon gebeur het.

Die/.....

Die derde grond van appèl is dat die verhoorhof fouteer het deur te bevind "dat die bewyslas op die beskuldigde rus om te bewys dat hy ontoerekenbaar was, indien hy die handeling verrig het." Die betoog is ongegrond. Appellant se advokaat het, soos vroeër in die uitspraak aangedui is, aan die verhoorhof gesê dat appellant ontken dat hy enige van die handeling wat hom ten laste gelê word, gepleeg het, maar dat indien bevind sou word dat hy wel daardie handeling gepleeg het, dit sy verweer is dat hy "nie strafregtelik toerekenbaar daarvoor" was nie. Die advokaat het bygevoeg: "Dit is nou ingevolge art. 78(1) van die Strafproseswet." Appellant se verweer was dus dat, indien hy die handeling gepleeg het, hy ten tyde van die pleeg daarvan aan 'n geestesongesteldheid of geestesgebrek

gely het wat tot gevolg gehad het dat hy nie oor die vermoë beskik het om die ongeoorlooftheid van sy handeling te besef, of om ooreenkomstig 'n besef van die ongeoorlooftheid van sy handeling op te tree nie. Waar 'n beskuldigde so 'n verweer opper, rus die onus op hom om dit op 'n oorwig van waarskynlikhede te bewys. Kyk die beslissing van hierdie hof in S. v. Mahlinza 1967 (1) SA 408 op 419 A-B.

Die vierde en vyfde gronde van appèl kan saam behandel word. Albei het betrekking op die vraag van appellant se toerekeningsvatbaarheid. In die vyfde grond word gesê dat die hof a quo fouteer het "deur te bevind dat die beskuldigde toerekenbaar is met betrekking

tot/.....

tot die misdrywe." Ek het reeds hierbo daarop gewys dat, met die verweer wat appellant geopper het, hy die las op hom geneem het om te bewys dat hy by die pleeg van die misdade nie toerekeningsvatbaar was nie. Appellant het hom nie van daardie bewyslas gekwyt nie. Toe dr Longano die eerste maal getuig het, was hy nie in staat om te sê of appellant ten tyde van die pleeg van die misdade "a man of sound mind" was en of hy aan skisofrenie of 'n ander geestessiekte gely het nie. (Dit was gemene saak by die verhoor dat appellant verstandelike vertraagtheid en geheueverlies ten opsigte van die tydperk Augustus 1977 tot Maart 1978 gesimuleer het.) Toe dr Longano die tweede maal getuienis afgelê het, het hy gesê

dat/.....

dat hy sy vroeëre mening verander het en tot die oortuiging geraak het dat appellant waarskynlik ontoerekeningsvatbaar was. Hy het hierdie veranderde mening gegrond op getuienis wat mnr en mev. Nel m.b.t. sekere gedrag van appellant gegee het. Soos ek hierbo aangedui het, kan die getuienis waarop hy gesteun het na my mening nie daardie veranderde mening regverdig nie. Sy getuienis was dus sodanig dat appellant na my mening nie op grond daarvan kan sê dat hy hom van die bogemelde onus gekwyt het nie. Dit gaan nog verder. Na my mening was sy getuienis van so 'n aard dat, wanneer dit gestel word teen die getuienis van prof. Wessels en dr Van Rensburg, die getuienis van mnr en mev. Nel (wat hom/.....

hom goed geken het) en die feit dat appellant, wat in staat was om te getuig, nie getuig het nie, dit nie twyfel kan werp op appellant se toerekeningsvatbaarheid nie.

Ek meen dus dat, selfs indien die Staat sou moes bewys het dat appellant ten tyde van die pleeg van die misdade toerekeningsvatbaar was, hy hom van daardie bewyslas gekwyt het.

Die sesde appèlgrond het betrekking op die beslissing wat die verhoorhof gegee het oor die aangeleentheid wat in par. 1 van die spesiale aantekeninge geopper word. Daar word aangevoer dat die beslissing verkeerd was. Die betoog is ongegrond, soos sal blyk uit wat ek hierbo met betrekking tot die betrokke spesiale

aantekeninge/.....

aantekeninge gesê het.

In appèlgronde (vii) en (viii) word beweer dat die geleerde verhoorregter fouteer het met die straf wat hy in die geval van aanklagte 1 en 2 (huisbraak met die doel om te steel en diefstal) en aanklag 4 (poging tot moord) opgelê het. Die betoog het nie meriete nie en hoef nie bespreek te word nie.

Uit hoofde van wat hierbo gesê is, kan die appèl nie op een van die gronde van appèl slaag nie.

Daar is een verdere aangeleentheid waaraan ten slotte aandag gegee moet word. Dit is die volgende. Die verhoorregter het ná 'n aansoek van appellant se advokaat ingevolge art. 321(1)(b) van die Strafproses-

wet/.....

wet beveel dat appellant as onveroordeelde gevangene

aangehou word totdat sy appèl verhoor en daaroor beslis

is. Waar die appèl nou afgewys word, kan die bevel

klaarblyklik nie bly voortbestaan nie. Mnr McNally

het i.v.m. die tweede voorbehoudsklousule van art. 321

(1) te kenne gegee dat die Staat nie daarteen beswaar

het dat die tydperk waartydens appellant as 'n onveroor-

deelde gevangene aangehou is by die berekening van die

tydperk van die gevangenisstraf wat hy opgelê is, inge-

sluit word nie.

Uit hoofde van al die voorgaande word

soos volg beveel:

(1) Die appèl word in sy geheel afgewys.

(2) (a) Die bevel wat ingevolge art. 321(1) van

die/.....

die Strafproseswet, 1977 gegee is, verval

by die lewering van hierdie uitspraak.

- (b) Die tydperk wat appellant ingevolge bogemelde bevel as 'n onveroordeelde gevangene aangehou is, word ingesluit by die gevangenisstraf wat appellant op aanklagte 1, 2 en 4 deur die verhoorhof opgelê is.

P J RABIE

WND HOOFREGTER.

JANSEN, AR Stem saam
BOSHOFF, AR